Solly DISNER

Two Selected Reviews of his 1962 exhibition at the

Adler Fielding Galleries, Johannesburg

RAND DAILY MAIL,
Thursday, October 25, 1962.

Sensitive sculpture

ADLER FIELDING GALLERIES

SOLLY DISNER, whose sculpture is being exhibited, has an undoubted facility for "capturing" his subject if one may judge by the bust of Gregoire Boonzaier, the artist.

There is the characteristic pose of that painter and the familiar "hang" of the head. It is very good.

"Cynthia" is another beautiful, sensitive, almost breathing, study

I feel that these generally charming busts are the feature of this exhibition.

The artist is exploring the significance of the shape and movement of space with considerable success.

H.E.W.

Die Vaderland, Johannesburg – 31-10-1962

Ontwikkeling van 'n beeldhouer

DIE eerste tentoonstelling wat die bekende Kaapstadse beeldhouer Solly Disner in Johannesburg hou — in die Adler-Fielding-lokaal — is 'n belangrike geleentheid in die kunslewe van Transvaal. Die werke dateer vanaf 1944 tot en met vanjaar, dus bied die tentoonstelling 'n omvattende oorsig van hierdie interessante kunstenaar se ontwikkelingsgang.

Die eerste werk wat in 1944 gedoen is, is 'n akkurate brons portretstudie van Gregoire Boonzaier. Met sensitiewe aanvoeling het die beeldhouer die fynbesnede gelaatstrekke van sy skildervriend gemodelleer. Daar volg etlike ander portretstudies in dieselfde medium wat mnr. Disner met verloop van tyd ong altyd uitvoer, alhoewel hy algaande in ander stylrigtings belang stel. Tog bly die vermoë om 'n uitdrukkingsvolle en herkenbare portretstudie te modelleer 'n maatstaf waaraan alle goeie beeldhouers uitgeken kan word, byvoorbeeld die sterk karakterstudies van Epstein, wat in alle opsigte 'n moderne beeldhouer is.

HOUTSOORTE

Vervolgens het mnr. Disner met verskillende houtsoorte as medium begin eksperimenteer. Daar is ritmiese figuurstudies waarvan „Torso" (1945), „Moeder en Kind" (1946) en „Die Vrou" (1950) pragtige voorbeelde is. Die anatomie word vereenvoudig om slegs die essensiële lyne van die figuur te aksentueer. In dieselfde styl, maar in 'n ander medium nl. VERDRIET word verwante temas soos 'n tweede „Moeder en Kind" (1951) en „Golwing" van dieselfde jaar uitgebeeld.

Dit is egter gedurende die middelperiode van mnr. Disner se ontwikkeling waarin hy die abstrakte houtkomposisies skep, wat hom as 'n werklik oorspronklike kunstenaar onderskei. Sy heel jongste stukke waarvan daar drie is, bevat nog nie kwaliteit wat in „Atoomboide" (1952-4), „Versnelling" (1954), „Atoom" (1955) en „Die Golf" (1960) behaal is nie. Veral in die komplekse lyne van eersgenoemde werk is daar die herskepping van werklikheid en herrangskikking van ruimte wat 'n groot werk kenmerk. „Die Golf" toon weer in die streng horisontale beweging 'n beheerste dissipline wat duid op rypheid en ervaring.

D65 — ANNA VORSTER.

Return to

https://art-archives-southafrica.com/solly-disner-archives